# SAGES Senior Golfers

## LAEVELD / LOWVELD

SAGES SENIOR GOLF-GHOLF

**NEWSLETTER / NUUSBRIEF MAY 2025 NO.05/2025**

Alles was goed op Barberton. Dit het my aan hoop laat dink.
Alle dinge sal regkom sê hoop. Dit sal nooit regkom, sê vrees. Vrees trek duisternis nader. Hoop bring die dagbreek — vrees is verlammend. Hoop is soos 'n opkikker. Hoop is nie net 'n tonikum nie, dit verhef mens se depressie. Dit is 'n kenmerk nie net in verhoudings nie maar ook by individue wat bly is. Dit staan direk teenoor angs, vrees en terneergedruktheid. Hoop noem homself geduld en sy middelnaam is verwagting en sy kleur, sy kleur is helder.
Ou idiome: Solank daar lewe is , is daar hoop. (Moenie moed verloor nie.)
Hulle het teen hoop op hoop geslaag. (Hulle het tenspyte van teenslae gewen.)
Die hoop beskaam nie. (As jy hoop, word jy nie terleurgesteld nie.)
Hoop se hart is vertroue en sy stem is bemoedig en sy geur is aangenaam. Hoop proe nie laf nie, dit is met sout besprenkel en dit laat vars opbouende gedagtes langer hou. Oor hoop is daar meer te sê as as net hierdie.
Hoop is 'n verwagting op iets wat kom, wat nog nie plaasgevind het nie maar wat verseker sal gebeur.
Aan die einde van 1 Kor. 13 (die hoofstuk oor die liefde) staan hoop nie verniet in die middel nie. Daar is drie dinge wat vas bly staan -- Geloof, Hoop, Liefde….. Deur Geloof in God Drie-enig, word Hoop gebore en dit groei in volwassenheid tot Liefde.
In a world seemingly full of hopelessness I cannot remain silent. In the Bible, hope isn't just a wish or a desire; it's a confident expectation based on God's promises and faithfulness. It's a certainty that God will fulfill what He has said, rooted in faith. Faith is for the present, hope is for now and the future.
Die hart van 'n mens wat hierdie hoop in hom of haar het, is gevul met gedagtes wat goed is, ook goed is vir ander mense.

***

Ons was 48 spelers, waarvan 12 besoekers was. Almal het gou die gasvryheid geniet en welkom en tuis gevoel. Die baan is in 'n baie netjiese toestand vir ons aangebied.

- **BESOEKERS:**

Dolf Maritz, Danie Swanepoel, Gabriel Alfonso, Frans te Water, Gert Lindeque, Thea Rautenbach, Henrietta v/d Merwe, Percy Holmby, Herman Boshua, Rassie Breedt, Kirrie de Klerk, Andre Appel.

- **APOLOGIES:**

Hennie Schoeman, Phillip Maritz, James Warrington, Dave Rothwell, Eddie Fraser, Bob Thornley, Schalk en Zelna Esterhuizen, Dawie v/d Merwe, Bennie Kruger, Faan Strydom, Danie du Toit, Bert en Wilma Griesel, Lappies en Zonja Labuschagne, Lappies Labuschagne, Piet Burger, Sydney Chadwick, Pieter Breedt, Alec King, Dave Blane, Andre Doman, Gerhard de Jager, Christo Smith

- **INLYWING**

Geen

- **BEDANKINGS:**

Wayne en Jaco vir die gebruik van Barberton Gholfklub se fasiliteit. Carek Kok, die Perkemeester, vir 'n netjiese baan. Louis Rautenbach vir al die goeie reëlings en organisasie. Thea en Henriëtta vir die lekker Kerriekosmaaltyd. Boskombuis het bobaas "kosmakeresse."

- **BIRTHDAYS IN JUNE:**

Sydney Chadwick 09/49, Johan Momberg 23/57, Atlas van Vuuren 27/73, Wilma Griesel 29/60.

- **PERSONALIA:**

Dink asseblief aan die volgende lede wat ongesteld is. Alec King, Pieter Breedt, Pieter Viljoen, Sydney Chadwick.

- **SPONSORS:**

Rooikat, Nkomazi Fuel, Dennie Taljaardt, Gabriel Alfonso, Louis Rautenbach, Thea Rautenbach en Boskombuis.

- **WINNERS:**

Today's Comp. IPS

1st Andre Appel 42 pts — 2nd DC Human 40 pts.

3rd Japie Myburgh 39 pts. — 4th Jakes Labuschagne 38 pts.

5th Daleen Taljaardt, 6th Eileen Horak, 7th Percy Holmby, 8th Johan van Wyk, 9th Herman Boshua.
Nearest to pin and longest drive prizes went to lucky score card holders for a change. A change is as good as a holiday. Ask : Roelf, Eileen, Nelius, and Johan

Quantity golf: Flip Walters. Your OBS can be collected in the winter of 2025.
In the meantime, cherish the wooden spoon. Ekskuus ou maat.

- **GENERAL**:

Sages Laeveld Liga: Tans loop die Plattelanders voor met 10—0. Die Stedelinge het nog sewe byeenkomste waarin hul kan inhaal anders het hul groot moeilikheid.
Op Bloemfontein tydens die AJV is Andre Blom herkies as President van Sages. Kontak my indien meer inligting verlang word t.o.v. die jaarvergadering.
As per fixture list please note that our Northern Regionals (Mini Nationals) will be held on July 21-22 at Benoni CC. Maak solank planne om daar te wees asseblief.

- **NEXT MEETING:**

Also note that our Next Meeting is at Malelane on 19 June 2025 and not at the cold fast Sabie Course. The Malelane course is in an inviting beautiful condition, and it is much warmer there.

Friends are those rare people who ask how you are and then wait for the answer.

Until next time, meanwhile, have fun.

**Leon du Plessis**